# Karikiriki die hekstemmer

Storie deur Robert Muponde
Illustrasies deur Elizabeth Sparg



Daar was ’n ou vrou wat alleen in ’n hut teen die helling van ’n heuwel gewoon het. Elke aand besoek hekse haar. Hulle kom op die rûe van hiënas na haar hut toe. Uile verlig die hekse se pad met hul groot, helder oë.

Hulle lawaai altyd vreeslik en hamer tot dagbreek teen haar deur. Die hiënas lag die hele nag lank en die uile krap aan die gras op haar dak. Die hekse skreeu: “Ons het lanklaas op ’n ou vrou se rug gery. Kom uit!”

Die ou vrou begin huil en roep haar voorouers om haar te beskerm. Die hekse hou ’n wilde partytjie in haar tuin. Hulle trek die meeste van hul klere uit en dans op haar drumpel. Hulle gaan eers net voor dagbreek weg. Wat ’n klomp wilde, wilde hekse!

Toe knibbel iets aan die ou vrou se toon.

Dit is die rot, die een wat altyd deur 'n gat in die muur inkom. Die ou vrou het hom keer op keer probeer vergiftig, maar hy wil net nie doodgaan nie. Wat 'n rot!

Sy gryp na haar skoen, maar voordat sy hom daarmee kan platslaan, praat die rot. “Liewe ou vrou, ek kom knibbel in vrede aan jou toon. Jy slaap nou al vir baie nagte nie. Nou kan jy nie eens op jou landerye gaan werk nie. Jy sal honger ly en doodgaan, tensy ek jou help. Liewe ou vrou, ek het 'n blink gedagte!”



Die ou vrou is desperaat en vra die rot om te verduidelik.

“Op 'n dag het ek in 'n grot ingedwaal en die groot voetspore van Karikiriki, die geheimsinnige heksedoder, gesien,” sê die rot.

Hy sê vir die ou vrou: “Jy moet in die nag alleen en kaalvoet in die grot ingaan, drie keer die naam Karikiriki roep en dan uitdans.”



Die ou vrou besoek die grot en doen presies wat die rot gesê het. Sy roep: “Karikiriki! Karikiriki! Karikiriki!”

Toe sy begin wegstap, hoor sy die geluid van voete wat agter haar aan loop. Sy begin hardloop. Die voete begin ook hardloop. Toe sy agter haar kyk, sien die ou vrou 'n yslike paar voete wat haar volg!

Die groot voete stop buite haar hut waar die rot vir haar wag. “Net voete? Dis Karikiriki,” verduidelik die rot.

Die nag kom. Die hekse skreeu: “Ons het lanklaas op ’n ou vrou se rug gery!” Hulle begin aan die deur hamer.

Skielik kom Karikiriki aangehardloop van waar hy in die skaduwee weggekruip het. Karikiriki skop die hekse se koppe en hulle val bewusteloos op die grond neer. “Moet hulle nie nou al doodmaak nie!” skree die ou vrou. Sy wil hê die hekse moet op haar landerye werk omdat dit hulle skuld is dat onkruid nou haar gewasse verstik. “Maar maak hulle dood as hulle weier om te werk,” beveel sy.

Die hekse stem in om op die landerye te werk. Wat anders kan hulle doen? Maar hulle werk net snags.

Bedags kan hulle nie werk nie, want dit is wanneer hulle slaap. Hulle het ook die nare gewoonte om hul klere uit te trek, en daarom is die nag vir almal verkieslik.

Die ou vrou is gelukkig. “Rot,” sê sy, “aangesien jy my lewe gered het, sal ek jou nie weer probeer vergiftig nie. En wanneer die oes ingebring word, sal jy ’n sak mielies kry om te eet.”

Rot piep van vreugde. “Ek sal net kom kuier om jou tone te knibbel ter wille van die goeie ou tye, liefste ou vrou!”

Karikiriki se voete dans van vreugde. Die ongelukkige hekse gryp skoffels, en Karikiriki jaag die skreeuende spul reguit na die landerye toe. En die nors hiënas en uile? Hulle gaan terug na die woud waar hulle hoort.



Nal'ibali-pret

# Karikiriki die hekstemmer

Storie deur Robert Muponde • Illustrasies deur Elizabeth Sparg

## Idees om oor te gesels

Dink jy dat die hekse se straf regverdig was? Hoekom/hoekom nie?

Wat dink jy van die illustrasies wat die skrywer gebruik?

Wie dink jy is die held van die storie? Hoekom het jy hierdie karakter gekies?

## Visueel

Watter deel van die storie maak jou die bangste? Skryf hierdie teks in die middel van 'n groot vel papier. Teken prentjies rondom die teks wat dit illustreer.

## Lees

Watter ander stories het jy gelees wat hekse, monsters, hiënas en/of uile in het? Jy kan meer Nal'ibali-stories hier vind: **www.nalibali.org.story-resources**. Kies 'n nuwe storie om te lees. Op watter maniere is hierdie storie dieselfde en anders as *Karikiriki die hekstemmer*?

## Skryf

Skryf 'n resensie van die storie. Sluit 'n kort opsomming in en sê hoekom jy dit sal of nie sal aanbeveel vir ander lesers van jou ouderdom en jonger as jy nie.

## Handwerk

Gebruik papierborde of karton, verf en tou om maskers van die karakters in die storie te maak.

## Speel toneel

Voer die storie op deur die maskers wat jy gemaak het, te gebruik.